# DIE NUWE TESTAMENT EN KINDERKOMMUNIE[1]

D F Tolmie[2]

Uit die kerkgeskiedenis weet ons dat kinderkommunie vir baie eeue 'n algemene praktyk in die kerk was[3] - soveel so dat Augustinus (*De pecc. mer.* 1,20; *Serm* 174) selfs die praktyk van kinderkommunie as 'n bewys ten gunste van die kinderdoop kon aanvoer. Oor presies wanneer hierdie verskynsel begin het, is daar egter onduidelikheid. Die heel vroegste aanduiding van die bestaan van die kinderkommunie is 'n verwysing by Cyprianus[4] - met ander woorde in die derde eeu n.C. Oor die tydperk vóór Cyprianus - en dit sluit die Nuwe-Testamentiese tydperk in - het ons ongelukkig geen gegewens nie.

Ter wille van die gesprek oor kinderkommunie sal ek kortliks die volgende drie aspekte bespreek:

1) Enkele sosio-historiese perspektiewe wat ter sake kan wees.

2) Die opvallendste teologiese aksente in die verskillende Nagmaaltekste.

3) Die vraag of daar enige aanduidings is van maatstawe waarvolgens sekere gelowiges uitgesluit moet/kan word van die Nagmaal.

## 1. ENKELE SOSIO-HISTORIESE ASPEKTE

### 1.1 Kindwees in die oudheid

By die aanhoor van Jesus se woorde "Laat die kindertjies na My toe kom!", sien die meeste van ons in ons gedagtes mooi romantiese beelde van laggende en spelende kinders rondom Jesus. Die werklikhede van kindwees in die oudheid was egter anders.[5] Die volgende statistieke spreek

1 Voordrag gelewer by 'n EVTO-kursus op 17 Augustus 1995.

2 Dr. D. F. Tolmie, Departement Nuwe Testament, UOVS, Bloemfontein, 9300.

3 E. Kenntner (1977:188-195) bied 'n baie insiggewende oorsig oor die verskynsel van kinderkommunie deur die eeue.

4 *De Lapsis*, 9. Volgens Oepke (1973:652) is daar getuienis vir die viering van kinderkommunie vir die hele tydperk vanaf Cyprianus tot en met die twaalfde eeu n.C.

vanself: Tot 30% van alle kinders het by geboorte gesterf. Van dié wat wel die geboorteproses oorleef het, het ongeveer 30% gesterf voor hulle ses jaar oud geword het. 'n Verdere 30% het gesterf voor hulle sestien was. Die gemiddelde lewensverwagting was maar ongeveer 28-29 (Van der Horst 1991:48). Meer as 70% van alle kinders het ten minste een van hulle ouers verloor voordat hulle pubertiteit bereik het. Dus: kinders was van die mees weerlose mense in die destyds samelewing en het gewoonlik die meeste gely onder rampe, oorloë, siektes en verskuiwings.

Hulle situasie binne die gemeenskap was ook nie altyd so rooskleurig nie. Hulle het weinig status geniet en is dikwels op dieselfde vlak as slawe gehanteer. Binne die patriargale familie-opset van destyds het die vader die gesag uitgeoefen en was streng dissipline aan die orde van die dag. Wat die dogters betref, is die opvoeding geheel en al aan die moeders oorgelaat. Dogters het feitlik geen kinderjare in die ware sin van die woord gehad nie. Van jongs af was hulle verantwoordelik vir huishoudelike pligte wat dikwels harde fisiese arbeid vereis het. Hulle is geleer dat die openbare lewe 'n manswêreld is waarin hulle geen rol te speel het nie. Omdat die vader nie betrokke was by die opvoeding van die dogters nie, was die verhouding tussen hom en sy dogters dikwels nie baie intiem nie. 'n Vader se grootste bekommernis was dat 'n opstandige dogter die naam van die familie in die skande sou bring, nie 'n man sou kry nie, 'n buite-egtelike kind kon kry, verkrag kon word of ontrou aan haar man sou wees.

Seuns het tot ongeveer agtjarige ouderdom geheel en al in die "vrouewêreld" geleef, waar hulle dikwels baie meer aandag en versorging as die dogters gekry het. Hulle is byvoorbeeld dubbeld so lank as die dogters geborsvoed en is van vroeg-af geleer dat vrouens daar is om hulle opdragte uit te voer. Op ongeveer agtjarige ouderdom het hulle deel van die harde "manswêreld" geword. In die manswêreld het waardes soos moed, aggressie, welsprekendheid en geslepenheid gedomineer. Lojaliteit aan die familie, die beskerming van die eer van die familie (op watter manier ookal) en harde werk is beskou as die primêre waardes wat nagestreef moes word.[6]

5 Vir dit wat volg, maak ek gebruik van Malina & Rorhbaugh (1992:117-118) se beskrywing van die agrariese Mediterreense samelewing in die tyd van Christus.

6 Sien Malina & Rohrbaugh (1992:299-300) vir 'n vollediger beskrywing. Let op dat dit hier gaan oor die sogenaamde gemiddelde Mediterreense agrariese huishouding. Daar kon natuurlik baie verskille wees. Nietemin moet in gedagte gehou word dat 90-95%

Uit hierdie kort uiteensetting moet ons egter nie die gevolgtrekking maak dat ouers nie hulle kinders liefgehad het nie. Inteendeel, kinders - veral seuns - is as besonder kosbaar gereken. Nie net sou hulle die familielyn voortsit nie, hulle was ook die enigste voorsorgmaatreëls vir die oudag.

Interessant genoeg, is kinders ten spyte van hulle lae aansien in die samelewing van kleins af deelgemaak van kultiese bedrywighede - moontlik vanweë die korporatiewe aard van die destydse gemeenskap. A. Oepke (1973:643-654) noem verskeie voorbeelde uit die Helleninistiese kultusse waar kinders 'n aktiewe rol gespeel het in godsdienstige handelinge. Ook in die Judaïsme is kinders - veral seuns - van kleins af betrek by die kultus - selfs voordat hulle die ouderdom vir bar mitsvah bereik het.

Vir ons gesprek oor kinderkommunie is daar twee sake wat nou uitgelig kan word:

1.1.1 Oor die situasie in die vroeë Christendom het ons ongelukkig geen inligting nie. Antwoorde op vrae soos of die vroeë Christene in die praktyk aan die kind dieselfde rol toegeken het as wat die "algemene norm" in die destydse wêreld was of tot watter mate kinders deel gehad het aan godsdienstige handelinge, bly blote bespiegelinge en sou nie as 'n seker basis kon dien vir of teen die kinderkommunie nie. Wat egter wel waar is, is dat die Christendom nie konsekwent die sosiale norme van die oudheid oorgeneem het nie. Daarvan is Gal 3:28 getuienis. Verder is dit opvallend dat 'n boek soos die Lukasevangelie baie duidelik maak dat Jesus - in stryd met die norme van sy tyd - juis aandag skenk aan dié wat deur die samelewing van destyds tot randfigure verklaar is. Dit sluit onder andere vroue en kinders in. Dit sou egter hermeneuties onverantwoord wees om bloot op grond hiervan te beweer dat kinderkommunie in die Christelike gemeentes beoefen is.

1.1.2 Dit is noodsaaklik dat ons bewus sal wees van die verskille tussen ons persepsie van kinders en die destydse persepsie van kinders. Om een voorbeeld te noem: vir ons is 'n persoon van 14 jaar nog 'n kind, terwyl iemand wat veertien jaar oud was, destyds reeds as "trouryp" beskou is.

van die mense van daardie tyd as agraries geklassifiseer kan word. Hulle was almal betrokke by primêre nywerhede soos boerdery en die voorsiening van onverwerkte produkte.

In dié verband is dit noodsaaklik dat ons nie net bewus moet wees van die soort persepsies wat destyds oor kinders gehuldig is nie, maar dat ons ook daarvan bewus sal wees dat ons eie persepsies oor kinders (onbewustelik?) 'n rol speel in ons nadenke oor die kinderkommunie. Ook ons persepsies van die rol en posisie van kinders is kultureel bepaal!

## 1.2 Die viering van die Nagmaal binne die christelike huisgemeentes

Vanweë praktiese omstandighede en op grond van verskeie soortgelyke voorbeelde in die destydse wêreld was die vroeë christendom uitsluitlik by wyse van huisgemeentes georganiseer[7] - waarskynlik in groepe wat gewissel het van 10 tot 30 persone. Die vernaamste kenmerke van die huisgemeentes was as volg: baie gereelde onderlinge kontak, goeie persoonlike kontak tussen die lede, sterk affektiewe verhoudinge, gemeenskaplike doelwitte, eenstemmigheid oor norme waarvolgens opgetree moes word en solidariteit teen die buitewêreld. Die huisgemeentes was oop vir bekeerlinge uit enige sosiale klas, aangesien die gemeentes gepoog het om te lewe volgens die uitspraak van Paulus: "Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal een." (Gal. 3:28.) Selfs die skrikwekkende probleem van armoede het binne die huisgemeentes 'n versagting ervaar. Uiteraard het die selfstandigheid wat elke huisgemeente gehad het, tot gevolg gehad dat alles nie orals op dieselfde patroon gevier is nie.[8]

Oor die vraag hoe die Nagmaal binne die huisgemeentes gevier is, is daar nie absolute sekerheid nie. Ek gee 'n kort opsomming van Klauck[9] (1992:363-364) se verduideliking van hoe dit in 'n Korintiese huisgemeente kon geskied het: Die lidmate het op 'n Sondagaand in die woning van een van die meer welgestelde lidmate bymekaar gekom. Hulle het hulle eie kos saamgebring wat dan gesamentlik geëet is. Aan die einde van die maaltyd het die breek van die brood en die drink uit die beker

7 Die volgende uiteensetting is gebaseer op die gedetailleerde navorsing van Klauck (1981).

8 Dit kon dalk juis weer aanleiding gegee het tot onenigheid tussen verskillende huisgemeentes. Sien Malherbe (1983:60-91).

9 Klauck - soos die meeste ander Nuwe-Testamentici - kies hier vir G. Bornkamm se rekonstruksie. Daar is egter ook ander Nuwe-Testamentici wat O. Hofius se rekonstruksie volg. Sien byvoorbeeld Roloff (1993:105-107).

plaasgevind. Die hoof van die huishouding of the eienaar van die huis het moontlik die leiding geneem. In aansluiting hierby het moontlik handelinge soos aanbidding, die lees van Ou-Testamentiese tekste, die sing van lofliedere, profesie, en spreek in tale plaasgevind.

Vir ons gesprek oor die kinderkommunie is die volgende belangrik: Ons moet wegkom van die idee dat as ons net kon weet of die vroeë gemeentes kinderkommunie be-oefen het of nie, ons 'n antwoord op die vraag sal hê of ons dit vandag moet toelaat of nie. Enersyds is enige uitspraak oor die voorkoms van kinderkommunie al dan nie in die vroeë christelike kerk niks meer as 'n blote bewering nie - 'n baie onseker basis vir of teen kinderkommunie. Andersyds moet ons rekening hou met die pluriforme aard van die vroeë christelike gemeentes. Die huisgemeenteopset leen hom juis tot pluriformiteit. Wat in een huisgemeente gedoen is, is nie op presies dieselfde manier in ander huisgemeentes gedoen nie. Hierby moet ons nog ook rekening hou met die groter groeperings in die vroeë christelike kerk, byvoorbeeld die Joodse christendom, die Hellenistiese Christendom en die Johannese christendom wat elk ook eie aksente gehad het. Om dus as uitgangspunt te neem dat ons graag die vroeë kerk se gemeentes se voorbeeld wil "kopieer", stuit onmiddellik op die probleem: "Watter groep christelike gemeentes word as uitgangsgpunt geneem?" 'n Veel beter weg sou wees om te vra na teologiese oorwegings.

## 2. DIE OPVALLENDSTE TEOLOGIESE AKSENTE IN DIE WEERGAWES VAN DIE INSTELLING VAN DIE NAGMAAL

My doel is nie om 'n volledige bespreking te bied van die Nagmaal in die Nuwe Testament nie, maar om slegs enkele hoofmomente in die Nuwe-Testamentiese interpretasie van die Nagmaal uit te lig om sodoende aspekte aan te dui wat 'n teologiese begronding vir die nadenke oor die kinderkommunie sou kon gee. Gevolglik konsentreer ek op die verskillende weergawes van die instelling van die Nagmaal.[10]

10 Dit is belangrik om daarop te let dat dié verskillende weergawes ook beskou kan word as neerslag van die nagmaalvieringe van die oud-christelike gemeentes. Sien Feld (1976:18-21).

Die Pauliniese weergawe in 1 Kor. 11:17-34 is die oudste weergawe.[11] Paulus dui self aan dat dit oorgelewerde materiaal is. Na alle waarskynlikheid het hy dit in die veertigerjare (in Antiogië?) ontvang uit 'n tradisielyn wat teruggaan tot by Jesus self.[12] In Paulus se weergawe is die volgende aksente belangrik:[13]

- Die "vir julle" dui op die deelhê aan verlossing wat Jesus deur sy dood bewerkstellig het.
- Jesus se dood word in verband gebring met die beseëling van die eindtydelike nuwe verbond: 'n gebeurtenis wat nie net 'n vertikale dimensie het nie (dat die Verbondsgod 'n nuwe verbondsvolk skep), maar ook 'n horisontale dimensie het (dié mense wat Nagmaal vier, word saamgebind tot 'n verbondsgemeenskap).
- Die anamnese-motief dui daarop dat die Nagmaal 'n realistiese proklamering van die dood van Christus is, maar dan op so 'n wyse dat die gekruisigde Here téénwoordig is en tegelyk ook die Een is wat verwag word.

In aansluiting by Paulus se weergawe van die instelling van die Nagmaal, is dit ook nodig om te wys op 1 Kor. 10:14-22 wat handel oor die vraag of gelowiges mag deelneem aan die heidense offermaaltye. In vers 16 haal Paulus 'n fragment uit die nagmaalsvieringe van die Hellenistiese gemeentes aan.[14] In hierdie weergawe val die fokus op die koinonia: Deur die eet van die brood en deur drink van die beker van danksegging word nie net die gemeenskap met die gekruisigde en opgestane Christus beleef nie, maar ook die onderlinge gemeenskap tussen gelowiges.[15]

11 So Klauck (1992:363), Feld (1976:21) en Marshall (1980:31-32). Pesch (1977:47-58) stem egter nie saam nie.

12 So Klauck (1992:363) en Conzelmann (1969:55). Dit word egter ontken deur Maccoby (1991:90-128).

13 Die volgende uiteensetting is gebaseer op Conzelmann (1969:54-56); Marshall (1980:31-33) en Klauck (1992:363-365).

14 Sien Klauck (1982:258-264) vir 'n volledige bespreking.

15 Sien Klauck (1992:363-365) vir 'n vollediger bespreking.

Terwyl die Pauliniese weergawe van die instelling van die Nagmaal die konsep van die Nuwe Verbond uit die Ou Testament (Jer. 31) opneem, is daar 'n aksentverskuiwing by Markus (14:22-25) en Matteus (26:26-29).[16] Alhoewel die konsep van die Verbond ook hier voorkom, word daar verder sterk aangesluit by die Ou-Testamentiese verbondsmaaltyd soos in Ex. 24:6-11 beskryf word - 'n maaltyd waarin 'n bloedritueel 'n belangrike rol gespeel het. Die Nagmaal word dus verbind aan die feit dat Jesus deur sy vrywillige offerdood die verbond tussen God en sy mense kom bevestig het: Hy het sy bloed gestort ter wille van baie.

'n Verdere perspektief in dié twee weergawes is die sterk eskatologiese uitkyk in die sin dat die viering van die Nagmaal verbind word aan die finale koms van die koninkryk.[17]

In Lukas se weergawe van die instelling van die Nagmaal (Luk. 22:14-20) verbind hy Markus se weergawe met sy eie (wat soortgelyk aan dié van Paulus is).[18] Die belangrikste aksente in Lukas se weergawe is as volg:[19]

- Groter klem as Markus op die feit dat dit 'n Paasmaaltyd is.
- Die eskatologiese verwagting.
- Jesus se sterwe word geïnterpreteer as 'n vrywillige oorgawe van Homself ter wille van die gelowiges.
- Jesus se sterwe word verder ook verbind aan die Nuwe Verbond wat deur sy bloed beseël word.
- Die anamnesemotief.

16 Dié twee weergawes word saam bespreek omdat Matteus min wysiginge aangebring het aan dit wat hy by Markus gekry het. Vir wat volg, sien Léon-Dufour (1982:240-261).

17 Binne die konteks van die Markusevangelie is daar ook waarskynlik 'n sinspeling op die twee broodvermeerderings (Mk. 6:35-44 en 8:1-10) - met die gepaardgaande oproep tot sosiale verantwoordelikheid teenoor die armes. Sien Klauck (1992:365).

18 Vir 'n vollediger bespreking van dié saak, sien Feld (1976:21-23).

19 Sien Léon-Dufour (1982:295-315) en Grundmann (1974:394-398).

Uit hierdie kursoriese oorsig blyk dit dat daar inderdaad 'n ryke interpretasie van die Nagmaal in die Nuwe Testament is. Dit is op sigself alreeds 'n aanduiding van die besondere waarde wat die Nuwe Testament aan die Nagmaal heg. In ons gesprek oor die kinderkommunie lyk dit vir my belangrik om raak te sien dat die Nagmaal in al vier die weergawes aan die verbond gekoppel word. Bloot prinsipieel gesien moet ons dus sê dat die Nagmaal as 'n verbondsmaaltyd bedoel is vir almal wat by die verbond ingesluit is, d.w.s alle gelowiges en alle kinders wat die teken van die verbond, die doop, ontvang het. Hiermee is die saak egter nog nie afgehandel nie.

## 3. IS DAAR ENIGE AANDUIDINGS DAT SEKERE GELOWIGES UITGESLUIT MOET/KAN WORD VAN DIE NAGMAAL?

Die teksgedeelte wat dadelik die aandag vra, is 1 Kor. 11:27vv. Ek sal konsentreer op die volgende drie sake:

- Die waarskuwing dat dié wat op 'n onvanpaste wyse ('ανaξίως) die Nagmaal gebruik, 'n oordeel oor hulle self eet en drink.
- Die oproep tot selfondersoek
- Die onderskeiding van die liggaam (van Christus)

Wat die eerste saak betref, rig Paulus 'n waarskuwing dat dié wat op 'n onvanpaste wyse ('ανaξιως) die Nagmaal gebruik, 'n oordeel oor hulleself eet en drink. Die volgende is belangrik:[20] Vanuit die konteks kan afgelei word dat die onwaardige gebruik nie verwys na verkeerde liturgiese handelinge wat die fisiese gebruik van die Nagmaal self betref nie, maar wel na verkeerde praktyke wat na vore gekom het in en rondom die ete wat die Nagmaal voorafgegaan het (later bekend as die liefdesmaaltyd). Sommige lidmate het hulle kos gulsig opgeëet voordat ander daarvan kon kry.[21] Die onwaardige gebruik van die Nagmaal het dus daarin gelê dat sommige gelowiges die Nagmaal gevier het terwyl hulle

20 Vir wat volg, sien Orr & Walther (1976:273-275) en Strobel (1989:180-181):

21 Vir 'n vollediger uiteensetting, sien Klauck (1992:364).

so pas deur hulle eie optrede die gemeenskap van die heiliges aangetas het. Dit gaan dus oor 'n verkeerde gesindheid, 'n afwesigheid van enige behoefte om dit waarna die Nagmaal verwys, enigsins prakties te vergestalt.[22]

Die tweede saak wat ter sprake kom, is die oproep tot selfondersoek wat Paulus in vers 28 maak. Die woord wat hier gebruik word (δοκιμάζω) verwys na selfondersoek in die sin van die beoordeling met die doel om die egtheid te bepaal. Louw & Nida (1988:27.46) stel dit as volg: "to try to learn the genuineness of something by examination and testing." Paulus roep dus die gemeentelede in Korinte tot 'n ernstige selfondersoek voordat hulle die Nagmaal gebruik om seker te maak dat hulle die Nagmaal op 'n waardige wyse gebruik.[23]

In vers 29 kom die derde saak ter sprake: Paulus sê dat die gemeentelede in Korinte wat die Nagmaal op 'n verkeerde wyse gebruik,[24] daardeur "nie die liggaam (van Christus) onderskei (διακρίνων) nie". Dit verwys daarna dat sommige gemeentelede die Nagmaal op 'n wyse gebruik het wat nie gekorrespondeer het met die feit dat dit die teken is van Jesus se liefdevolle selfoorgawe ter wille die gelowiges nie. Anders gestel: die onderskeidingsvermoë wat by hulle ontbreek, lê in die feit dat hulle nie die verskil tussen die Nagmaalstekens en alledaagse voedsel besef nie.[25] Hulle gebruik die Nagmaal sonder om te besef waaroor dit gaan!

Wat is die implikasies van hierdie uiteensetting vir die besinning oor die kinderkommunie? Kort gestel: Om bloot te sê dat die Nagmaal 'n verbondsmaaltyd is en dat dit dus outomaties beteken dat alle verbondskinders - selfs gedoopte suigelinge soos soms al in die verlede gebeur het

22 W. Foerster (1974:380) stel dit as volg: "Hence the warning not to receive the Lord's Supper ... does not denote a moral quality but an attitude determined by the Gospel." Strobel (1989:180) verwys na dié gemeentelede se "... persönlichen Egoismus und Rücksichtslosigkeit".

23 Strobel (1989:180) sê dat Paulus "sehr wohl auf ein würdiges Verhalten der Beteiligten drängt".

24 Sien Klauck (1982:325-326) vir 'n goeie oorsig van die die wyse waarop die problematiese formulering van dié vers verstaan moet word.

25 So Klauck (1982:326-327). Sien ook Wolff (1989:94-95).

- dit kan gebruik, is myns insiens nie genoeg nie. Wat moet bykom, is dat die gebruik tot die Nagmaal 'n bepaalde lewensingesteldheid en gesindheid vra.[26] Klauck (1982:326) stel dit as volg:

"Der Leib des Herrn als Zeichen seiner liebenden Hingabe in den Tod setzt beim Empfänger *bestimmte Verhaltensweisen* voraus."[27] (my kursivering).

Die gesindheid wat vereis word, is meer as net 'n rasionele kennis van die betekenis van die Nagmaal. Dit vereis 'n aanvaarding van die konkrete implikasies van die evangelie - soos verbeeld in die Nagmaal - vir die praktyk van die lewe. Om dit te kan doen, word 'n bepaalde basiese vermoë/insig veronderstel. Dié vermoë veronderstel nie net 'n basiese geloofskennis nie, maar hou ook op een of ander manier verband met ouderdom.

Dit is so dat Paulus geen direkte verbod gee waarvolgens sekere gelowiges uitgesluit word van die Nagmaal nie. Op grond hiervan wil sommige teoloë alles wat ek so pas gesê het van die tafel afvee. Wat hulle egter miskyk, is dat die gemeentes aan wie Paulus skrywe heeltemal anders georganiseer is as wat ons kerk vandag georganiseer is. In die huisgemeente-opset was daar ander inherente sosiologiese sisteme ingebou wat geheel en al in ons gemeente-opset ontbreek. Om dus bloot Paulus se voorbeeld te wil "kopieer" en te sê dat die afwesigheid van enige direkte verbod impliseer dat ons in ons situasie geen persoon wat deel uitmaak van die verbond, van die Nagmaal mag weerhou nie, lyk vir my herme-

26 Dit lyk vir my of die stelling dat 'n bepaalde gesindheid vereis word ook waar gemaak kan word uit die Sinoptiese Evangelies. Alhoewel daar by die Sinoptiese weergawes van die instelling van die Nagmaal geen verwysing na enige "toelatingsvereistes" is nie, is dit tog belangrik om daarop te let dat die Nagmaalsviering nie losgemaak kan word van die tema van dissipelskap wat in elkeen van die Evangelies besondere aandag geniet nie. Oor die ingrypende implikasies van dissipelskap is daar geen onduidelikheid nie. Wie Jesus werklik wil volg, moet nie net van Hom weet, van Hom gehoor het of so nou en dan na Hom luister nie, maar moet met hart en siel aan Hom behoort - inderdaad 'n lewens- en lotsgebondenheid aan Jesus! Wie rondom die tafel van die Here aansit, moet die implikasies van dissipelskap begryp en ten minste ernstig nastreef.

27 Wolff (1989:95) praat van "seinen eigentlichen Wert erkennen und sich entsprechend verhalten." Sien ook Roloff (1993:110) se beklemtoning van die eisende kant van die Nagmaal.

neuties onverantwoord. Die punt is: As kerk van die Here Jesus Christus op pad na die jaar 2000 sal ons op ons eie manier in ons gemeentesituasie moet gestalte gee aan die basiese teologiese waarhede oor die Nagmaal - nie net dat dit 'n Verbondsmaaltyd is nie, maar ook dat die regte gebruik van die Nagmaal 'n ingesteldheid en onderskeiding verg wat korrespondeer met die waarhede wat in die Nagmaal verbeeld word.